



God se wil (Volgens die Bybel)

Hierdie bekende bede van die modelgebed kom beslis en prominent na vore in Matteus 6:10 wat stel: "Laat U wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel". Die 1983- asook die 2016-vertaling laat hierdie bede uit in die Lukas weergawe. Die 33/53-vertaling het in Lukas 11:2 ook die woorde: "*Laat U wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;*" Die *Textus Receptus* bevat hierdie woorde (*γενηθτω το θελημα σου ως εν ουρανω και επι της γης*), terwyl die Vulgaat nie hierdie bede in die Lukas weergawe verwoord nie. Daar is met ander woorde nie konsensus dat die Lukas teks hierdie bede bevat nie. Tog is dit deel van die bedes wat ons aanvaar as eie aan die modelgebed.

Die Heidelbergse Kategismus stel in Sondag 49 Vraag 124: *Wat is die derde bede? Antwoord: Laat U wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde. Dit is: Gee dat ons en alle mense ons eie wil prysgee om aan U wil, wat alleen goed is, sonder enige teëpraterij gehoorsaam te wees, sodat elkeen sy amp en beroep net so gewillig en getrou kan beoefen en uitvoer soos die engele in die hemel.*

Die kern tot die verstaan van hierdie bede is om te verstaan wat die wil van God is. Om aan God se wil gehoorsaam te wees en sy wil te laat geskied, moet ons weet wat hierdie wil is.

Die wil van God (θελημα¹)

Die woord "wil (θελημα)" dui op duidelike doel en die bereidheid om iets te doen. 'n Wil is anders as 'n wens. Met 'n wens word daar gehoop en gewag, maar geen doelgerigte proses gevolg nie. Wanneer ons van die wil van God praat, moet ons verstaan dat daar 'n duidelike doel is en dat God bereid is om die nodige stappe te doen om hierdie doel te bereik. God se wil sluit met ander woorde aksieplanne in. Die hoofdoel wat God het, is om mense die ewige saligheid te laat erf. Die heilsgeskiedenis vertel van die uitvoer van God se aksieplan.

God se wil word in die Grieks in die enkelvoud gestel omdat die wil van God 'n magtige eenheid openbaar. Dit is 'n eenheidswil van die Triniteit dat die mens gered moet word. God se wil dui op die hele proses van saligheid verseker, van die oomblik dat die besluit geneem is, deur die geskiedenis heen, tot by die einde wat ons nou verwag. Jesus se bereidheid om in gehoorsaamheid hierdie pad te volg, is verdere illustrasie van hierdie punt.

Dit is belangrik om te besef dat die wil van God normatief van aard is. Sonder om iewers te wil voorskryf aan mense, blyk dit tog duidelik te wees dat God die weg van redding bepaal. God kies om die mens se saligheid te verseker, God kies die weg waarlangs hierdie

¹ STRONG'S - Θέλημα thelēma thel'-ay-mah From the prolonged form of G2309; a determination (properly the thing), that is, (actively) choice (specifically purpose, decree; abstractly volition) or (passively) inclination: - desire, pleasure, will.

saligheid verseker word. Dit spreek vanself dat die mens hierdie pad sal volg. Die feit dat mense nuutgebore word, maak dat hulle vanselfsprekend by die basiese inhoud van God se wil sal inval. Anders gestel, vir gelowiges is God se wil die basiese inhoud van hulle lewens.

Na 'n taalkundige analise kan ons nou na die gebruik van die woord in die Nuwe Testament gaan kyk.

Die woord *θελω* kom 42 maal in 39 verse in die Nuwe Testament voor. Die gebruik vind plaas binne drie betekenis groeperinge, waarvan die eerste betekenis by verre die belangrikste is.

God se wil het betrekking op die mens se saligheid. Hierdie sin som die belangrikste aspek van die wil van God op. In afgeleide sin en verwant hieraan, is die gedagte dat God se wil in die gebooië verwoord word. 'n Derde betekenis van God se wil het met lyding te doen, maar dan in die konteks van gehoorsaamheid aan die gebooië. Kom ons kyk vervolgens na die tekste waar God se wil ter sprake is. Van die tekste word meer as een maal herhaal omdat hulle by meer as een konteks inpas.

God se wil en ons saligheid

Die volgende tekste verwys na God se wil en ons saligheid:

Matteus 6:10 (Modelgebed *laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel.*),
Matteus 7:21 ("Nie elkeen wat vir My sê: 'Here, Here,' sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is.),
Matteus 18:14 (So is dit ook nie die wil van julle Vader in die hemel dat een van hierdie kleintjies verlore moet gaan nie.),
Matteus 26:42 ('n Tweede keer het Hy gaan bid en gesê: "My Vader, as hierdie lydenskoper nie by My kan

verbygaan sonder dat Ek dit drink nie, laat u wil geskied."),
Markus 3:35 (*Elkeen wat die wil van God doen, is my broer en my suster en my moeder.*),
Lukas 11:2 (*Deel van modelgebed in die Textus Receptus* *laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.*)
Lukas 22:42 ("Vader, as U wil, neem tog hierdie lydenskoper van My af weg. Laat nogtans nie my wil nie maar u wil geskied!"),
Johannes 4:34 (Maar Jesus het vir hulle gesê: "My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het, en om sy werk te voltooi.),
Johannes 5:30 ("Uit my eie kan Ek niks doen nie: Ek oordeel soos Ek dit van die Vader hoor, en my oordeel is regverdig, omdat dit nie my wil is wat Ek nastrewe nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het.),
Johannes 6:38 (Ek het van die hemel af gekom nie om my wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het.),
Johannes 6:39 (***En dit is die wil van Hom wat My gestuur het: dat Ek van almal wat Hy My gegee het, nie een verlore sal laat gaan nie, maar hulle almal op die laaste dag uit die dood sal laat opstaan.***),
Johannes 6:40 (***Dit is die wil van my Vader: dat elkeen wat die Seun sien en in Hom glo, die ewige lewe sal hê; en Ek sal hom op die laaste dag uit die dood laat opstaan.***),
Johannes 7:17 (As iemand gewillig is om die wil van God te doen, sal hy weet of hierdie leer van God af kom, en of Ek uit my eie praat.),
Handelinge 22:14 (Toe sê hy: 'Die God van ons voorvaders het jou uitgekies om sy wil te ken, die Regverdige te sien en sy stem te hoor.),
Galasiërs 1:4 (wat Homself vir ons sondes gegee het om ons te verlos uit hierdie goddelose wêreld en so die wil van God ons Vader te volbring.),
Hebreërs 10:7 (Toe het Ek gesê: Kyk, Ek het gekom, o God, om u wil te doen. In die boekrol is dit van My geskrywe.),
Hebreërs 10:9 (Daarna sê Hy: "Kyk, Ek het gekom om u wil te doen." Hy skaf dus die eerste offers af om 'n ander offer in die plek daarvan te stel.),
Hebreërs 10:36 (Volharding is wat julle nodig het om die wil van God te doen en te ontvang wat Hy beloof het.).

Dit is duidelik dat die meeste tekste wat na **God se wil** verwys in die Nuwe Testament in hierdie kategorie val. **Dit**

is God se wil dat ons gered word.

Die bede in die modelgebed moet daarom eerstens verstaan word as bede vir die redding van alle mense. Die hemel weet dat die saligheid eerste prioriteit is. Ons hier op aarde moet dit besef en dan ons lewens daarvolgens skik en inrig.

God se wil en die gebooie

Matteus 7:21 (*"Nie elkeen wat vir My sê: 'Here, Here,' sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is.*), Matteus 12:50 (*"Daar is my moeder en my broers! Elkeen wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is, dié is my broer en my suster en my moeder."*), Matteus 21:31 (*Wie van die twee het gedoen wat hulle pa wou hê?" Hulle sê: "Die eerste." Toe sê Jesus vir hulle: "Dit verseker Ek julle: Tollenaars en prostitute gaan eerder as julle in die koninkryk van God in.*), Lukas 12:47 (Konteks van gelykenis om God se wil aan te beveel: *"Die slaaf wat geweet het wat sy eienaar wil hê maar wat nie gereed gemaak of volgens die wil van sy eienaar gehandel het nie, sal 'n swaar straf kry.*), Johannes 9:31 (*Ons weet dat God nie na sondaars luister nie; maar as iemand vir Hom ontsag het en doen wat Hy wil hê, luister God na hom.*), Romeine 2:18 (*jy ken sy wil en jy onderskei die dinge waar dit werklik op aankom, omdat jy deur die wet onderrig word.*), Efesiërs 5:17 (*Moet daarom nie onverstandig optree nie, maar probeer te wete kom wat die Here wil dat julle moet doen.*), Efesiërs 6:6 (*Moenie net werk om deur julle eienaars raakgesien te word en so in mense se guns te kom nie; werk soos slawe van Christus wat van harte die wil van God doen.*), 1 Tessalonisense 4:3 (*Dit is die wil van God dat julle heilig moet lewe. Weerhou julle van onsedelikheid.*), 1 Tessalonisense 5:18

(*Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag.*), Hebreërs 10:36 (*Volharding is wat julle nodig het om die wil van God te doen en te ontvang wat Hy beloof het.*), Hebreërs 13:21 (*Mag dié God julle toerus met alles wat goed is, sodat julle sy wil kan doen. Mag Hy deur Jesus Christus in ons tot stand bring wat vir Hom aanneemlik is. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in alle ewigheid! Amen*), 1 Petrus 2:15 (*Dit is die wil van God dat julle deur goed te doen, 'n einde sal maak aan die kwaad wat mense sonder begrip uit onkunde praat.*), 1 Johannes 2:17 (*En die wêreld met sy verleidelike dinge gaan verby, maar wie die wil van God doen, bly ewig lewe.*), 1 Johannes 5:14 (*En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigiets volgens sy wil vra.*).

Hierdie tweede groep verwysings na God se wil, het te make met die mens wat God se wil moet doen. Wat is hierdie wil? Dit is opgeteken in die opsomming van die Wet en in die Tien Gebooie.

Om te verstaan hoe gehoorsaamheid en saligheid aan mekaar verwant is, moet ons die saligheid verstaan as 'n allesomvattende konsep. God se wil het betrekking op die hele mens. Deel van hierdie saligheid het met ander woorde te make met 'n manier van lewe.

Metafories gesproke - Jy gaan na die vervaardiger se handleiding om die beste gebruik van die produk te kan kry. So gaan ons na die vervaardiger (God die Skepper) se handleiding (Bybel en spesifiek die gebooie) om die beste uit die produk (die mens se kwaliteit bestaan nou en vir ewig) te kry. Om God se wil te doen, is om nou reeds jou bestaan in lyn met God se wil vir jou saligheid in te rig. Die tweede

tafel van die tien gebooe is met ander woorde gerig op 'n ewigheidsbestaan.

Ander konteks vir God se wil

Handelinge 21:14 (*Toe ons hom nie kon oorreed nie, het ons daarin berus en gesê: "Laat die wil van die Here geskied."*). Met eerste oogopslag sou ons wou stel dat die wil van God in terme van aardse prosesse hier ter sprake is. Sonder om voorskriftelik te wil wees, word die volgende interpretasie aangebied: God se wil word deur die bese weerstaan. God wil die mens red, die bese wil die mens die verderf inlei. Tussen die twee staan die mens met vrye wil, eie keuse - met gepaardgaande gevolge.

Teen hierdie agtergrond word vertel van Paulus se reis. Hy kom tuis by een van die sewe diakens, te wete Philippus. Philippus het vier dogters wat elk die gawe van profesie het. Te midde van hierdie huishouding kom 'n ander profeet met 'n onwelkome tyding. Agabus kom en met simboliese binding van homself vertel hy wat met Paulus gaan gebeur.

Almal probeer Paulus oortuig om 'n ander roete te volg, maar Paulus hou voet by stuk dat hy aan die opdrag (om die Evangelie te verkondig) getrou wil bly. Hy is bereid om veel meer te ly as dit wat Agabus profeteer. Teen die agtergrond is die wil van God gekoppel aan die verkondiging van die Evangelie, nie die willekeur van hierdie lewe nie. Die reisgenote van Paulus maak vrede daarmee dat hy aan sy opdrag getrou wil bly, al beteken dit vervolging. God se wil, naamlik dat almal geroep moet word tot redding, moet voorrang geniet. Hierdie teks kan derhalwe myns insiens nie gebruik word om die

ordinêre van die daaglikse roetine as Goddelike wil voor te hou nie.

1 Tessalonisense 5:18 (*Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag.*). Hier word God se wil (in die Griekse teks) gekoppel aan dankbaarheid. In werklikheid is hierdie gesindheid 'n logiese uitloper van die feit dat God se wil te make het met saligheid. Op die manier is dankbaarheid eintlik die menslike vreugdevolle inval by die wil van God.

1 Petrus 3:17 (*As dit die wil van God mag wees dat julle moet ly wanneer julle goed doen, is dit beter só as om te ly wanneer julle kwaad doen*). Lyding is onvermydelik. Indien die lyding gekoppel word aan gehoorsaamheid aan God, kan ons net dankbaar wees daarvoor. Hierdie gedeelte koppel met ander woorde steeds die wil van God aan gehoorsaamheid aan die gebooe.

Jakobus 4:15 (*Julle moet eerder sê: "As die Here wil, sal ons lewe en sal ons dit of dat doen."*). Daar is geen twyfel nie dat God se wil hier ter sprake is op 'n ander manier as saligheid of wetsgehoorsaamheid. Dit is uit die teks duidelik dat die astrante mens wat dink dat hy in alles beheer het, aangespreek word. Dit is ook duidelik dat God se wil gekoppel word aan die mens se lewe, nie aan dit wat hy beplan nie. Saam met Openbaring 4 is hierdie teks dan aanduiding van die almagtige God wat lewe in sy hande het. Dit is ook gevaarlik om 'n hele teologie te bou op een vers in die Bybel.

1 Petrus 4:19 (*Daarom moet dié wat ly omdat God dit wil, hulle lewe toevertrou aan die getroue Skepper, en aanhou goed doen.*). Hierdie gedeelte kan nie los van die vorige teksvers verstaan word nie. Goed doen, God se wil doen, gaan

gepaard met lyding in 'n konteks waar die redding van die mens beveg word.

1 Johannes 5:14 (*En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigiets volgens sy wil vra.*). Wat kan ons vra wat na Sy wil is? Dat alle mense gered word. Dat sending met ander woorde steeds gedoen en geseën sal word. Dat versoening gefinaliseer sal word. Dat gebooe gehoorsaam sal word. In ons huidige konteks dat die huwelik tussen een man en een vrou eerbiedig sal word.

Openbaring 4:11 (*“Here, ons God, U is waardig om die heerlijkheid en die eer en die mag te ontvang omdat U alles geskep het; deur U wil het alles ontstaan en is dit geskep.”*).

Ons saligheid was deel van die skepping. Die sondeval is 'n uitstel, nie 'n verdeling van ons saligheid nie.

Die teksvers wat nie letterlik so daar

staan nie: Matteus 10:29 (*1983-vertaling: “Is twee mossies nie vir 'n sent te koop nie? En tog sal nie een van hulle op die grond val sonder die wil van julle Vader nie. 1933/53: Word twee mossies nie vir 'n stuiwer verkoop nie? En nie een van hulle sal op die aarde val sonder julle Vader nie. εν εξ αυτων ου πεισεται επι την γην ανευ του πατρος υμων*).

Uit ander vertalings en die Griekse teks is dit duidelik dat hierdie gedeelte nie aan die (θηλημα) wil van God gekoppel kan word nie. Die gedagte is eerder dat God betrokke is by alles wat in die skepping gebeur, selfs by dit wat met mossies gebeur. Wat die presiese aard van God se betrokkenheid is, is nie duidelik nie. Vir ons is die troos dat ons nooit van God verlate sal wees nie.

Jesus in Getsémané

Matteus 26:42 (*'n Tweede keer het Hy gaan bid en gesê: “My Vader, as hierdie lydenskaker nie by My kan verbygaan sonder dat Ek dit drink nie, laat U wil geskied.”*), Lukas 22:42 (*“Vader, as U wil, neem tog hierdie lydenskaker van My af weg. Laat nogtans nie my wil nie maar u wil geskied!”*). Jesus se smeking in

die tuin van Getsémané is 'n worsteling met homself. Hy weet wat wag, Hy is bang vir dit wat Hy voorspel het. Nou het daardie oomblik aangebreek en die werklikheid van die prys wat Hy gaan moet betaal, is oorweldigend. Sy berusting by dit wat moet gebeur, is 'n berusting daarmee dat dit deur sy dood en opstanding heen is wat ons saligheid verseker sal word. Wanneer Hy smeek dat God die beker moet laat verbygaan, is dit in die hoop dat daar op 'n ander manier redding kan kom. Berusting by God se wil beteken met ander woorde eerstens dat Jesus instem om redding vir mense te bewerkstellig en dat dit tweedens net op daardie via Dolorosa kan geskied. Dit is met ander woorde aanmatigend vir ons om God se wil te koppel aan die toevalligheid van ons lewens. Vir baie gaan hierdie gedagte aanstoot gee, maar uit die oorwig van tekste is dit duidelik dat Jesus se bede en inval by God se wil met ons saligheid te make het. Om nou die toevallige van hier en nou aan God se wil te koppel, gee gewig aan dinge wat een geslag later vergete is.

Daar is diegene wat alles in hulle lewe so wil skik Efesiërs 5:17 (*Moet daarom nie onverstandig optree nie, maar probeer te wete kom wat die Here wil dat julle moet doen.*)

Verslane oorwinnaars

Met trane van seer, woede, ontnugtering, verwardheid en meegevoel sit Christene in die puinhope van Europa en huil. Saam met tallose gesinne sit ons en huil by die poorte van Bergen-Belsen en Auschwitz. Saam met ons is 'n ander Een wat ween oor die verlies en seer, huil oor die boosheid waartoe die mens

met sy vrye wil in staat is. Hierdie prentjie sou Friedrich Nietzsche se uitroep dat God dood is, waar gemaak het.

In eg Hollywood-styl trek die kameraskoot terug, en die raam wys dat nie eens hierdie boosheid God se wil kan verydel nie. God red steeds die mens. God waarborg steeds ons saligheid. Al wat hierdie treurige episodes wys, is die mens en die bese se diepste en beste pogings om God se wil te verydel. Ons het reeds gestel dat God se wil meer as 'n wens is, dit het 'n doelgerigte einddoel, daar is 'n duidelike aksieplan. God red ook in die donker dieptes van menslike smart en mislukkings. Ons troos is nie dat die wil van God in die smart van pyn en verlies tot oorwinning kom nie. Ons troos is dat God se wil oorwin ten spyte van ons eie-wil en die gevolge van ons duister drifte. God se redding kom te midde van ons verliese en vernederings. Ons hoef hierdie slegte dinge nie te versag deur dit aan "God se wil" toe te skryf nie. Ons jubel dat God **ten spyte van al hierdie negatiewe ervarings en rampe**, ons redding waarborg.

Dit is 'n gewaagde stelling om te maak, maar dit moet tog gedoen word: God se wil kan nie "ingespan word" in die keuses wat ons elke dag maak en in die troos wat ons mekaar bied nie. Ouers kan nie kies na watter skool hulle die kinders stuur en dan gesag aan die besluit gee deur te stel dat dit God se wil is nie. Ons kan nie die treurende ouers van die gestorwe kinders van die Westdene busramp troos met die woorde dat dit God se wil was nie. Talle voorbeelde kan gegee word, maar enige toeskryf van die aardse

geskiedenis aan God se wil is nie Bybels verantwoordbaar nie. God se wil kom na vore in die heilsgeskiedenis. Dit beteken nie dat God nie betrokke is by die geskiedenis en die alledaagse van ons bestaan nie. **God kies om betrokke te wees.** Daar vind steeds wonderwerke plaas. Ons keuses is kompleks, hoeveel te meer die keuses wat God maak ten opsigte van wonderwerke, of nie. God se keuses in terme van die aardse geskiedenis kan nie gelyk gestel word aan God se wil en die heilsgeskiedenis nie.

Ons moet verantwoordelikheid neem vir ons keuses hier op aarde. Die HERE God is betrokke by ons lewens, selfs voor geboorte.

Om te bid

Om te bid dat God se wil moet geskied is eerstens om te bid vir die verspreiding van die Evangelie en die redding van mense. Dit sluit in dat ons self aan ander sal vertel van God se wonderlike plan. Ons bede dat Sy wil op aarde moet geskied soos in die hemel, is ook 'n erkenning dat ons dit nie self kan doen nie. Dit is God se wil dat almal gered word, maar Hy forseer geen mens nie.

Dit beteken tweedens dat ons onself verbind tot 'n etiese lewe wat in lyn is met die gebooie wat Hy met soveel sorg en moeite aan ons gegee het. Deur hierdie lewenstyl aan te neem, begin ons oefen vir die heerlike lewe wat op ons wag by die wederkoms.

Om aan God se wil getrou te bly, is om te erken dat God almagtig is. Die hemele weet wat God se wil is, kom ons gaan verkondig aan almal op aarde dat God ons redding beoog..